

Grafte van gulsigheid (OP43)

Num 11:1-34

6 Junie 2021

Laasweek het ons die eerste gedeelte van Numeri afgesluit. Ons het die opwindende punt bereik waar die Here se voorbereidingswerk onder die volk afgehandel was, en die volk van Sinai af vertrek het op wat veronderstel was om 'n redelike kort trek te wees na die beloofde land.

Dit bring ons by Num 11. In Num 11 en 12 lees ons van die trek vanaf Sinai tot by die Paranwoestyn (kyk na Num 12:16). Vanaf Num 13 lees ons van die verkenners wat uitgestuur was na die beloofde land en alles wat daarop volg. Die verrassende teleurstelling in Num 11 en 12 is dat ons van drie insidente lees – en al drie insidente is insidente van opstand. Die drie insidente is: die gebeure by Tabera waar die volk teenoor die Here gekla het (Num 11:1-3), die gebeure by Kibrot-Taäwa waar die volk 'n onweerstaanbare lus vir vleis gehad het (Num 11:4-34), en die opstand van Mirjam en Aäron by Gaserot (Num 12:1-16). Ek wil vandag stilstaan by die twee insidente wat in Num 11 beskryf word. Neem egter kennis, daar is sekere aspekte wat ek beplan om volgende week aan te spreek.

Ek het gesê hierdie gebeure is verrassend teleurstellend, want na daardie opwinding van Num 10 waar die volk vertrek om na meer as 600 jaar die beloofde land te gaan inneem, na die opwinding van Moses se uitroep in Num 10:35-36 van “Trek op, Here, verstrooi U vyande” en “Kom terug, Here, na die ontelbare menigtes van Israel toe”, is dit teleurstellend om nou te lees van opstand onder die volk. Onthou verder, dit is maar 'n kort trek tot op die grens van die beloofde land, en dus moes hierdie insidente kort na Num 10 plaasgevind het. Boonop is dit al wat ons lees oor hierdie gedeelte van die trek – net insidente van opstand.

Gebeure by Tabera (Num 11:1-3)

Ons lees hier dit het sleg gegaan met die volk. Hier word geen detail gegee oor hoekom dit sleg gegaan het nie. En hulle reaksie hierop is om die Here te verwyt. Die Here hoor hiervan, en die gevolg is dat Hy vuur onder die volk in stuur, wat die kant van die kamp verbrand het. Dit word nie pertinent gesê dat lede van die volk ook omgekom het nie, miskien was daar net fisiese skade aan die kamp. Die volk gaan kla dan by Moses, en Moses bid tot die Here – en die vuur gaan dood. Hulle noem die plek Tabera, want in Hebreeus beteken Tabera “brand”. Dit is al wat ons hier lees.

Gebeure by Kibrot-Taäwa (Num 11:4-34)

Heelwat meer inligting word gegee oor die tweede insident. As jy 'n Engelse vertaling het, sien jy die opstand begin by die “rabble” onder die volk – d.w.s. by die persone onder die volk wat nie-Israeliete was (v4) – maar die res van die volk koop vinnig in by hulle besware. Die beswaar is dat hulle 'n onweerstaanbare lus vir vleis ontwikkel het – en hulle dink met heimweë terug aan die vis, komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel wat hulle in Egipte kon eet (v5). Daarteenoor het hulle nou net hierdie manna waaraan hulle wurg (v6). Dit is natuurlik nou al maande sedert hulle begin het om manna te eet – dit het al begin voor hulle by Sinai aangekom het. Vers 7-8 verduidelik egter dat die manna nie so sleg was as wat hulle wou voorgee nie. Trouens in Ps 78:24-25 word die manna beskryf as “koring van die hemel” en “brood van die engele” (OAV). Hierdie manna was iets besonder!

Uit vers 10 blyk dit hulle het nie direk by Moses gekla nie, nee, hulle het by hulle tente se ingange gesit en gekla, en dit is waar Moses dit dan gehoor het. Dit was verkeerd in die oë van die Here,

asook in die oë van Moses. In vers 11-15 lees ons dat Moses nou ook begin kla, maar anders as die volk, gaan kla hy direk by die Here. Die inhoud van Moses se klagte is dat hy oortuig is dit is onredelik om hom alleen verantwoordelik te hou vir die volk se optrede. Immers, hy het nie die volk in die lewe gebring nie, en nou moet hy hulle soos 'n suigeling versorg. Boonop is hy nie by magte om vir die volk vleis te voorsien nie. Dit is so erg dat hy vra die Here moet hom maar liever uit genade laat sterf – hy sien net nie meer kans om voort te gaan nie! Natuurlik kan ons Moses vinnig kritiseer en redeneer niemand het van hom verwag om die vleis vir die volk te verskaf nie. Maar onthou nou wat Moses al alles beleef het oor die laaste jare: Die volk het tydens die 10 plae in Egipte by hom gekla dit is sy skuld dat hulle nou nog harder moet werk, by die Rooi See het hulle by hom gekla hy moes hulle maar eerder in Egipte gelos het, eerder as om nou hier te sterf, by Mara het hulle by hom kom kla oor die bitter water, op pad na Sinai het hulle by hom kom kla oor hulle gebrek aan kos, by Refidim het hulle by hom kom kla oor hulle gebrek aan water, en by Sinai het hulle gevra Moses moet eerder namens hulle met die Here praat. 'n Mens kan Moses se frustrasie verstaan.

In vers 16-20 antwoord die Here op beide die volk en Moses se klagtes. Die Here sê Moses moet 70 oudstes onder die volk uitsoek. Die Here sal dan die Heilige Gees op hulle laat kom, soos wat dit op Moses is, en hulle sal dan saam met Moses die verantwoordelikheid vir die volk dra. Hierdie oudstes was bo en behalwe die owerstes oor 1000, 100, 50 en 10 wat Moses al in Eks 18 aangestel het op aanbeveling van sy skoonpa Jetro om te help met regsake. Wat die volk se klag aanbetref, onderneem die Here om vir hulle vleis te gee – nie net vir 'n paar dae nie, nee, selfs vir 'n maand lank. Maar hulle kan verwag om te walg van die vleis, omdat hulle God se plan om hulle uit Egipte te verlos, bevestig het. As Moses bevestig of hierdie belofte van die Here realisties is siende dat dit 'n groot hoeveelheid vleis gaan verg, antwoord die Here in vers 23: “Sou die hand van die Here te kort wees?” (OAV).

In verse 24-30 lees ons van die aanwysing van die 70 oudstes. Ons lees dat die Heilige Gees op hulle gekom het, en as bewys hiervan het hulle aanvanklik geprofeteer, maar later nie meer nie. Kommentatore is redelik eens hieroor dat hulle aanvanklike vermoë om te profeteer wat later verdwyn het, bloot moes dien om aan die volk te bevestig hulle tree werklik op onder leiding van die Heilige Gees. Ons lees dat twee van die 70, Eldad en Medad, selfs in die kamp geprofeteer het. As Josua kopsie maak hierteen, waarskynlik om Moses se posisie te beskerm, sê Moses egter: “Ek sou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy Sy Gees op almal mag lê”.

In verse 31-34 lees ons dat die Here toe vleis aan die volk voorsien het deurdat die wind kwartels van die see se kant af gebring het. Hierdie kwartels was waarskynlik besig om noordwaarts te migreer, en is toe deur 'n wind na die kamp gebring. Daar was baie kwartels – omtrent 'n laag van 'n meter diep in alle rigtings vanuit die kamp, ongeveer 'n dagreis ver. Vers 32 beskryf die gulsigheid van die volk: hulle het die hele dag, die hele nag en die hele volgende dag kwartels opgetel. Die NAV sê die een met die minste het 'n ton vleis bymekaar gemaak! Letterlik, het die een met die minste 10 homers vol bymekaar gemaak. 1 Homer is ongeveer 220 liter – dit is omtrent 'n 44 gallon drom! Die een met die minste het 10 dromme vol kwartels opgetel – dit is absoluut gulsig! Het die Here dan nie beloof dat daar vir 'n maand lank kwartels sal wees nie? En presies hoe gaan jy trek met 10 dromme kwartels wat jy ook nou nog moet saamdra?

En dan ontvlam die toorn van die Here – terwyl hulle nog met die vleis tussen hulle tande sit. Die Here stuur 'n plaag, en baie van die volk kom om. Hulle noem die plek toe “Kibrot-Taäwa” – wat beteken “grafte van gulsigheid”.

Betekenis van die gebeurde

Tot dusver het ons gepraat oor wat hier gebeur het. Kom ons probeer verstaan hoekom hierdie dinge gebeur het.

Dit is onmiskenbaar duidelik dat hier 'n probleem is. En as jy begin om te soek na waar die probleem ontstaan het, word dit duidelik dit het onder die volk ontstaan: By Tabera was dit die volk wat begin kla het oor dit volgens hulle sleg gaan met hulle. By Kibrot-Taäwa was dit die “rabble” wat begin kla het, maar die volk was maar te gewillig om in te koop by hulle klagte. Lê die probleem dalk by die Here? Nee. Uit wat ons in die verlede gesien het, was die Here deurgaans nog net konstruktief besig om met die volk te werk. Hy het hulle gemaak wat hulle tans is: 'n groot volk, 'n goed georganiseerde volk, 'n volk wat verstaan het waarheen hulle op pad is – dit is na die beloofde land toe. Hy het Sy plan met hulle aan hulle bekend gemaak. Boonop het Hy hulle verseker Hy gaan saam met hulle om daardie plan te laat realiseer. Tot by die einde van Num 10 het ons herhaaldelik gelees dat die volk presies gedoen het wat die Here hulle beveel het – hulle het dus verstaan wat die Here van hulle verwag het. Maar nou dat Hy besig is om Sy plan uit te voer, is dit die volk wat vassteek en kla. Die probleem lê dus by die volk.

Wat is die probleem? Oënskynlik wil hulle teruggaan Egipte toe – dit was tot hiertoe al herhaalde male hulle argument, en nou dink hulle met heimweë terug aan die kos in Egipte. Maar hulle onthou natuurlik baie selektief net die “goeie dinge” van Egipte – hulle vergeet gerieflikheidshalwe die swaar slawewerk van Egipte. Maar hoekom was hulle 'n paar dae gelede nog opgewonde by Sinai? Want hulle het vasgehou aan die belofte van die land wat oorloop van melk en heuning! Hulle wil die goeie van Egipte hê, sonder die swaar – en dit is wat hulle verwagting van die beloofde land is. En dit is in 'n sekere sin selfs in lyn met wat die Here aan hulle beloof het. Maar die probleem is dat die Here se plan is dat hulle deur die woestyn by die land van melk en heuning gaan uit kom – en dit is nie wat hulle wil nie. Hulle wil die melk en heuning hê, maar nie die woestyn nie.

Hoekom wil die Here hulle juis deur die woestyn by die beloofde land bring? Hoekom nie maar net vir hulle die beloofde land gee nie? Want die Here het 'n groter doel as om aan hulle melk en heuning te gee. Hy het aan Abram al bekend gemaak bo en behalwe dat Hy hom 'n groot nasie in die beloofde land gaan maak, gaan die Here ook sy God wees. Abram, en dus die volk, moet verstaan dat hulle uitverkies is om in die beloofde land te mag gaan woon, omdat die Here daar by hulle wil woon, en omdat Hy wil dat hulle Hom dan sal verheerlik oor hulle daar in Sy teenwoordigheid mag woon. Maar nou moet hulle die Here leer ken: En dit is juis as Hy hulle op wonderbaarlike wyse uit Egipte verlos, dat hulle beleef hoe Hy optree ter wille van hulle om by daardie eindpunt te mag uitkom, dit is juis as hulle die Egiptenaars sien verdrink, dat hulle verstaan hoe bevoorreg hulle is, dit is juis as hulle manna uit die hemel eet, dat hulle Sy genade sien, dit is juis as hulle water uit die rots drink, dat hulle Sy versorging sien. Dit is juis as hulle Sy tabernakel in die kamp sien, dat hulle Sy voortdurende teenwoordigheid moet raaksien.

Die tragedie is hulle sien dit nie – hulle sien hoogstens water uit die rots, vervelige manna en hope kwartels – i.p.v. dat hulle die Here agter die water, manna en kwartels sien! Verstaan jy hoekom hulle deur die woestyn moes trek? Want selfs ten spyte van die feit dat die Here op absolute wonderbaarlike wyse aan hulle water, manna en kwartels gee – is al wat hulle sien: water, manna en kwartels. Hulle kyk die Here mis, selfs al voorsien Hy eers na 'n krisis – kan jy dink hoe min hulle sou gesien het as die Here maar net voorsien het sonder 'n krisis? Hulle wys dat hulle die Here mis deurdat hulle nie met die Here gaan praat as hulle 'n behoefte het nie – nee, hulle kla eerder by hulle tentdeure! Hulle wys dit as elkeen 10 200 liter dromme vol kwartels optel – wie weet wanneer ons weer vleis gaan sien? Sien jy hulle gulsigheid? Sien jy hoekom die plek Kibrot-Taäwa, “grafte van gulsigheid”, genoem word? Sien jy hulle gebrek aan vertrouwe in die Here?

Maar let ook op hoe God se genade en oordeel saamloop: Op pad na Sinai, is die Here genadig – as hulle kla oor gebrek aan water of kos, voorsien die Here. By Sinai leer die Here hulle baie dinge – en gevolglik is hulle verantwoordelikheid nou groter. As hulle by Tabera kla, oordeel die Here deurdat die rant van die kamp brand, maar daar is genade – dit is net die rant van die kamp. As hulle by Kibrot-Taäwa kla, is daar nog strenger oordeel – baie mense gaan dood, maar daar is steeds genade: nie almal gaan dood nie, en die Here is besonder genadig teenoor Moses deurdat die 70 oudstes aangewys word. Hou hierdie verwikkeling dop soos wat ons in die volgende weke verder vorder in Numeri.

Voorbeelde en waarskuwings vir ons (1 Kor 10:11)

Ons moet onthou die Ou Testamentiese volk is 'n tipe van die Nuwe Testamentiese kerk. Die doel van die verbond met die volk was om hulle as 'n groot volk te bring in die beloofde land waar die Here onder hulle sal woon en hulle Hom sal verheerlik. Netso is die doel in die nuwe verbond om die ware gelowiges, d.i. die ware kerk, as 'n groot groep in die hiernamaals in heerlijkheid te versamel waar die Here onder hulle sal woon en hulle Hom sal verheerlik. Die volk moes hulle eie tekortkominge en God se heerlike bemoeienis en vermoëns leer deur die woestyntog. Netso moet die kerk haar eie tekortkominge en God se heerlike bemoeienis en vermoëns leer tydens hulle lewe hier op aarde.

Maar die volk het vasgehaak by fisiese dinge soos water, manna en kwartels – en daarvan wou hulle baie hê. En boonop het hulle die Here misgekyk as die Een agter die middels, die Een wat deur hulle verheerlik moet word omrede Hy dit alles voorsien. Die vraag is dus of die kerk ook hieraan skuldig is? Kom ons dink oor wat ons in die kerk van ons tyd sien:

- Voorspoedsgodsdien is een vertakking van die Christelike godsdien wat geweldig vinnig groei. In hierdie geleedere is daar 'n baie groot fokus op voorspoed, geluk, rykdom en gesondheid in hierdie lewe. Swaarkry word dikwels geassosieer met gebrek aan geloof. Maar God se plan is dat ons juis deur toetse/beprowings groei. Dit is tog die argument in Jak 1:2-4, waar ons leer beproewings leer ons om te volhard, wat as dit volgehou word lei tot geestelike rytheid. Of dink aan Rom 5:3-5: Swaarkry kweek volharding, volharding egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop. Die groot klem op voorspoed in hierdie lewe onder hierdie groepe is dus misplaas.
- Maar kom ons kyk na onself en die gemeentes waarvan ons deel is. Een manier om uit te vind waar ons fokus is, is om te gaan kyk na ons gebede. Waarvoor word gebid in die eredienste, waarvoor word voorbidding gevra in gebedsgroepe, waarvoor bid jy persoonlik? Hoeveel fokus word geplaas op voorspoed in hierdie lewe? Daarteenoor, hoeveel fokus word geplaas op die uitwerk van God se raadsplan: die groei van God se koninkryk in getalle en in kennis en toewyding aan die Here. Hoeveel fokus word gegee bloot aan danksegging en God verheerliking? Natuurlik mag ons bid vir ons fisiese behoeftes, die vraag is egter of daar goeie balans in ons gebede is?
- Hoeveel tyd en debat word spandeer aan die finansies van jou gemeente, en hoe vergelyk dit met die hoeveelheid tyd en debat wat spandeer word aan die uitdra van die evangelie, en die geestelike groei van die gemeentelede? Ek dink ek is reg as ek sê dat baie gemeentes finansiëel suksel. Die vraag is nou hoe gemeentes dit aanspreek. Ek sien gemeentes wat fondsinsamelingsaksies loods waar geld vanuit die gemeenskap getrek word sonder dat daar enigsens enige appel op die gemeenskap geplaas word om hulle tot God te bekeer. Is dit nie maar 'n vorm van bekommerd wees oor kwartels sonder 'n bekommernis oor die Here van die kwartels nie?

- Gaan kyk na die leiers van jou gemeente. Wat is hulle fokus? Ywer hulle vir God se koninkryk? En as jy oortuig is dat hulle, of dan ten minste sommige van hulle, wel hierdie fokus het, hoe gaan dit met hulle? Is hulle blymoedig opgewonde besig met die taak? Of klink hulle soos Moses: Is ek dan alleen verantwoordelik vir hierdie hele gemeente? Moet ek almal soos 'n suigeling aan my bors dra?
- Onthou ook dat ons verantwoordelikheid selfs groter is as die volk s'n na Sinai – ons het God se volle openbaring!

Ek is ongelukkig van mening dat daar baie gemeentes is wat grootliks daarop fokus om die melk en heuning van die beloofde land in hierdie lewe te wil hê. En as dit hulle dit nie kry nie en dit gaan swaar, kla hulle.

Die Nuwe Testament leer ons egter 'n ander perspektief. In 1 Kor 15 redeneer Paulus dat as ons nie oortuig is dat gelowiges uit die dood gaan opstaan nie, dan is ons geloof waardeloos. In vers 19 sê hy: “As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense”! Kyk waarvoor bid Paulus vir die Efesiërs in Ef 1:18-19:

- Julle moet weet watter hoop julle roeping inhou
- Julle moet weet watter rykdom daar is in die erfenis wat Hy vir julle bestem het
- Julle moet weet hoe groot Sy krag is wat Hy in julle utoefen – dieselfde groot krag waardeur Hy Jesus opgewek het

Sien jy waarvoor Paulus bid? Hy bid dat die Efesiërs sal verstaan tot hoe 'n mate die beloofde land oorloop van melk en heuning, en dat hulle sal verstaan hoe groot die Here is wat dit alles vir hulle voorberei het.

In Heb 10:23 lees ons dat ons styf moet vashou aan hierdie hoop wat ons bely, want God is getrou, Hy doen wat Hy beloof het.

Petrus skryf in 1 Pet 3:13-17 ons moet ons beywer vir wat goed is, selfs al moet ons lyding ervaar. Hy sê in ons harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here, soveel so dat ons gereed sal wees om aan elkeen 'n verduideliking te gee oor die hoop wat in ons lewe.

Is dit waar van jou? Weet jy wat die hoop is wat in jou lewe? Weet jy hoe ryk daardie erfenis is wat God vir jou voorberei? Verstaan jy hoekom lyding nodig is op pad soontoe? Verstaan jy hoe groot God se krag is wat in jou werk? Het jy werklik eerbied vir Christus? Is jy gereed om enige tyd aan enigiemand te verduidelik wat die hoop is wat in jou lewe? As dit waar is, dan sal jy nie uitgelewer wees aan 'n onweerstaanbare lus vir vleis nie. Dan sal jy jouself nie bemoei deur 10 dromme vol kwartels saam met jou deur die lewe te wil sleep nie. Dan kan jy die grafte van gulsigheid by Kibrot-Taäwa vermy, en opgewonde voorttrek na die ewige heerlikheid.

Amen